



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

3-in-1

Rekeningkunde

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Ann Botha

GRAAD

11

KABV



Graad 11 Rekeningkunde 3-in-1 KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 11 Rekeningkunde 3-in-1 studiegids is die volledige, eenvoudige oplossing vir die Graad 11 KABV-kurrikulum. Dit lei jou deur die vakinhoud met omvattende notas, vrae, antwoorde en volledige eksamens, wat jou die geleentheid gee om jou begrip te versterk en jou eksamentegniek te slyp.

Sleutelkenmerke:

- Stapsgewyse, metodiese benadering
- Omvattende notas en uitgewerkte voorbeelde per onderwerp
- Gegradeerde vrae en antwoorde per onderwerp
- Eksamenvraestelle en antwoorde met nuttige wenke

Die kombinasie van gedetailleerde notas, uitgewerkte voorbeelde, duidelike oplossings, wenke en gefokusde advies maak van hierdie boek 'n studiegids van onskatbare waarde, ongeag jou vlak van selfvertroue.

GRAAD

11

KABV

3-in-1

Rekeningkunde

Ann Botha

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Notas per Onderwerp
- 2 Omvattende Vrae per Onderwerp
- 3 Voorgestelde Antwoorde per Onderwerp

*Plus **bonus** eksamenvraestelle en voorgestelde antwoorde*

E-boek
besikbaar 



OORSIG PER KWARTAAL

Kwartaal 1	Eenheid 3: Rekonsiliasies Eenheid 4: Tasbare/Vaste Bates Eenheid 5: Vennootskappe
Kwartaal 2	Eenheid 6: Ontleding en Vertolking van Finansiële State Eenheid 7: Klubs (Nie-winsgewende Organisasies) - <i>nie meer deur DBO eksamineerbaar nie</i>
Kwartaal 3	Eenheid 8: Kosterekeningkunde Eenheid 9: Begrotings Eenheid 10: Voorraadstelsels
Kwartaal 4	Eenheid 11: Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)

**Eenheid 1: Etiek
& Eenheid 2: Interne Beheer**
word deurlopend in
die ander eenhede ingesluit
(soos in die KABV-kurrikulum gespesifiseer).



INHOUD

Hoe om berekeninge te doen i

NOTAS

EENHEID 1: BLITSHERSIENING VAN BASIESE KONSEPTE, AARP EN ETIEK

Vyf basiese konsepte wat jy moet ken	1
Die doel van Rekeningkunde	2
Die Algemene Grootboek	
Die basiese reël van Rekeningkunde	
Die Hulp grootboeke	
Die Hulpjoernale	
Die Rekeningkundige Siklus.....	3
Transaksies en Dokumente	
Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP).....	4
Etiek	5

EENHEID 2: INTERNE BEHEER EN INTERNE OUDIT

Interne beheer.....	6
Interne oudit	9

EENHEID 3: REKONSILIASIES

Bankversoening	10
Krediteureversoening	16

EENHEID 4: TASBARE/VASTE BATES

Hersiening van Graad 10	18
Twee maniere om Waardevermindering te bereken	19
Bateverkope/Vervreemding.....	22
Die Tasbare Bates Nota.....	28

EENHEID 5: VENNOOTSKAPPE

Wat jy moet weet.....	30
Ekwiteitsrekening in 'n Vennootskap	
Wat is nuut in die Finansiële State?	37
Hersiening van Graad 10	38



EENHEID 6: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

Hersiening van Graad 10 Formules	42
Nuwe Formules vir Graad 11	44
Formules slegs deur Vennootskappe gebruik	45

EENHEID 7: KLUBS (NIE-WINSGEWENDE ORGANISASIES)

Wat jy moet weet.....	46
Die Kasboek.....	48
Die Staat van Ontvangste en Betalings	
Grootboekrekening.....	49
Verversings/Dasse/Rugbytruie, ens.....	50
Die Finansiële State van 'n Klub.....	51



EENHEID 8: KOSTEREKENINGKUNDE

Hersiening van Graad 10	52
Die Gelykbreekpunt.....	53

EENHEID 9: BEGROTING

Wat jy moet weet.....	56
Die Geprojekteerde Inkomstestaat	
'n Kontantbegroting	58
Debiteure-invorderingskedgeule	60
Krediteurebetalingskedgeule.....	61

EENHEID 10: VOORRAADSTELSELS

Deurlopende Voorraadstelsel.....	62
Periodieke Voorraadstelsel	

EENHEID 11: BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Hersiening van Graad 10	67
Die verskil tussen Faktuurgebaseerde en Kwitansiegebaseerde BTW.....	68
Hoe om al die inskrywings vir BTW toe doen.....	69

VRAE

ONDERWERPE

<i>Besonderhede van Vrae</i>	70
Onderwerp Vrae.....	71

EKSAMENVRAE

<i>Raamwerk van Vraestel</i>	176
Eksamenvrae	177
<i>Terminologie</i>	195
<i>Aanvaarbare Afkortings</i>	200
<i>Alternatiewe Terminologie</i>	201
<i>Graad 11 Formuleblad</i>	201

**VOORGESTELDE ANTWOORDE
WORD IN 'N APARTE BOEKIE VERSKAF**



EENHEID 5: VENNOOTSKAPPE

WAT JY MOET WEET

Wat is 'n vennootskap?

'n Vennootskap is 'n ooreenkoms tussen minstens 2 mense wat 'n sakeonderneming bedryf met die **oogmerk om 'n wins te maak** en dit te **deel**. Elke vennoot **moet kapitaal bydra** in die vorm van kontant of ander bates, bv. voertuie, toerusting.



Hoe word 'n vennootskap aangegaan/gevorm?

Dit is wettig om ooreen te kom om 'n vennootskap mondeling aan te gaan, maar is beslis nie raadsaam nie. Dit is verkieslik om 'n prokureur te vra om 'n skriftelike kontrak op te stel, wat alle aspekte wat belangrik is en dalk later tot probleme kan lei, uiteensit.

Wat is die voordele van 'n vennootskap?

Met ander woorde – wat is die nadele van 'n eenmansaak?

Tot dusver was 'n eenmansaak die enigste vorm van eienaarskap waarmee ons in Rekeningkunde besig was. Een persoon het al die kapitaal voorsien, al die risiko's van entrepreneursskap aanvaar en alle wins of verlies was syne of hare. Hierdie ondernemingsvorm is egter beperk tot die eienaar se kapitaal, ervaring en vermoë om besluite te neem.

Die voordeel van 'n vennootskap is dat die bykomende kapitaal wat vennote kan voorsien die onderneming kan help om uit te brei. Verantwoordelikhede kan gedeel word en die bykomende kundigheid, ervaring en geleentheid om probleme te bespreek voordat besluite geneem word, sou beteken dat die onderneming goed bestuur word en groter winste verdien, al moet dit dan gedeel word.

Wat is die nadele van 'n vennootskap?

Alhoewel vennote besluite behoort te bespreek, is elke vennoot 'n agent van die onderneming wat op sy eie 'n besluit kan neem wat wettiglik bindend vir 'n onderneming is en die onderneming in finansiële moeilikheid kan laat beland.

As die vennootskap nie sy skuld kan delg nie, d.w.s. insolvent is, is vennote gesamentlik en afsonderlik daarvoor verantwoordelik. Dit beteken dat 'n krediteur al die vennote saam (gesamentlik) of net een vennoot afsonderlik kan dagvaar. In die laasgenoemde geval, sou hierdie vennoot al die skuld ten volle moet betaal en dan elke vennoot se deel volgens hul ooreenkoms verhaal. As een van die ander nie kan betaal nie, is daar niks wat die vennoot wat die skuld vereffen het, kan doen nie.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

EKWITEITSREKENINGE IN 'N VENNOOTSKAP

Kapitaal: naam van vennoot (EB+)

Elke vennoot het sy of haar eie kapitaalrekening. Die saldo op hierdie rekening bly **vas**, tensy die vennote instem om 'n bydrae te vermeerder of 'n deel daarvan te onttrek. Daar is twee redes hiervoor. Eerstens, die vennote het dalk ooreengekom om winste te deel in die verhouding van hul kapitaalsaldo's en enige verandering in kapitaal sou die bedrag wins wat elkeen ontvang, verander. Tweedens, enige verandering in die kapitaal, veral 'n onttrekking, kan dalk likiditeit – die onderneming se vermoë om sy skuld te delg – verander.

Kapitaal het altyd 'n kredietsaldo. Wanneer 'n vennootskap ontbind omdat een van die vennote die onderneming verlaat, aftree of sterf, moet die onderneming die kapitaal terugbetaal.

Onttrekkings: naam van vennoot (EB-)

Elke vennoot het sy of haar eie onttrekkingsrekening. Hierdie rekening weerspieël alles wat die vennoot gedurende die jaar vir persoonlike gebruik uit die onderneming geneem het en het altyd 'n debietsaldo omdat dit toon hoeveel geld die vennoot die firma skuld.

'n Nuwe ekwiteitsrekening

Privaatrekening: vennoot se naam (EB+ of – as hy nalatig is!)

Omdat die kapitaalrekening nie verander nie, word 'n nuwe rekening naamlik 'n privaatrekening vir elke vennoot geopen. Hierdie rekening sal uiteindelik toon hoeveel die onderneming die vennoot skuld, d.w.s. sy of haar verdienste, en hoeveel die vennoot die onderneming skuld, d.w.s. sy of haar onttrekkings.

Die rekening behoort 'n kredietsaldo te hê, d.w.s. die onderneming behoort die vennoot geld te skuld. Dit sou beteken dat die vennoot nie al sy of haar verdienste onttrek het nie.

As die rekening 'n debiet- (**N**egatiewe) saldo het, het die vennoot meer uit die onderneming onttrek as waarop hy of sy geregtig is. (= **N**alatige vennoot!) Hierdie bedrag moet so gou moontlik terugbetaal word omdat die ekwiteit (waarde) van die onderneming afgeneem het. Dit kan ook likiditeit- (kontantvloei-) probleme vir die onderneming veroorsaak omdat die wins in kontant getrek is.

BAIE BELANGRIK

Wat 'n vennoot ook al gedurende die jaar uit die onderneming neem – ongeag of dit 'n tjeke of kontant om persoonlike uitgawes te dek; handelsvoorraad/skryfbehoeftes/ens.; ou toerusting of 'n voertuig (batevervreemding); 'n tjeke vir sy maandelikse salaris is,

DEBITEER ALTYD ONTTREKKINGS

'n Nuwe finale rekening

Verdelingsrekening

Die netto wins word in die Wins-en-Verliesrekening bereken op presies dieselfde wyse as wat dit vir 'n eenmansaak gedoen word. Dan word dit na 'n Verdelingsrekening oorgedra sodat dit volgens ooreenkoms onder die vennote verdeel kan word.

Vier maniere waarop die netto wins verdeel kan word

Dit is moontlik dat die vennote nie dieselfde bedrag kapitaal bydra of dieselfde verantwoordelikheid aanvaar of vir dieselfde aantal ure in die vennootskap werk nie. Hulle moet vergoed word vir die bydrae wat hulle maak of die werk wat hulle verrig.

Sodra die netto wins vir die jaar bereken is, op presies dieselfde manier as vir 'n eenmansaak, **sal dit volgens die vennootskapsoreenkoms verdeel word.**

Hierdie ooreenkoms kan op die volgende drie maniere vir 'n **PRIMÊRE VERDELING** voorsiening maak:

PRIMÊR
eerste

1. Salarisse – om vennote wat in die onderneming werk, te vergoed (betaal).
2. Rente op kapitaal – om alle vennote te vergoed vir hul belegging in die onderneming, op die grondslag dat hulle rente sou verdien as hulle geld in die bank sou belê.
3. Bonus – om 'n vennoot te beloon vir uitsonderlike werk wat gedurende die jaar verrig is.

Die **FINALE VERDELING** sal behels die:

4. Verdeling van die oorblywende winste om alle vennote te beloon vir die risiko van entrepreneurskap wat hulle aanvaar.

Daar sal **altyd** vir jou gesê word hoe die oorblywende winste verdeel moet word. Dit kan in enige verhouding wees waarop hulle besluit, bv. 6 : 1 of dit kan plaasvind volgens die verhouding waarin kapitaal belê word, bv. A belê R250 000 en B belê R125 000. Die winste sal dan in die verhouding 2 : 1 verdeel word.

Hoe om dit te doen

- Trek die nulle wat in albei syfers voorkom, dood $250\ 000 : 125\ 000$.
Nou het jy $250 : 125$. Jy kan die groter getal deur die kleiner een deel en as die antwoord 'n heelgetal is, is dit jou antwoord! $250/125 = 2$. Die verhouding is 2 : 1 omdat 250 000 twee keer so groot soos 125 000 is.
- As jy nie 'n heelgetal kry nie, bv. $150\ 000 : 100\ 000 = 15/10 = 1,5$ verminder jy die 15 en die 10 tot hul laagste gemene noemer. Albei kan deur 5 gedeel word. Dit gee 3 : 2. Deel die wins deur 5 (want $3 + 2 = 5$) en vermenigvuldig dan met 3 en dan met 2 om die twee antwoorde te kry. Maak seker dat dit gelyk is aan die totale wins wat vir verdeling beskikbaar is.

Die volgende rekening word **net aan die einde van die jaar** gebruik om die winsverdeling aan die vennote op te teken:

Salaris: naam van vennoot (winsverdeling I-)

As al die vennote in die onderneming werk, sal hulle salarisse ontvang. Daar sal 'n **aparte salarisrekening vir elke vennoot** wees omdat hulle verskillende bedrae kan verdien.

Aan die einde van die rekeningkundige tydperk word elke Salarisrekening gedebiteer met die ooreengekome bedrag vir die jaar en die Privaatrekening word gekrediteer. Die Salarisrekening word onmiddellik na die Verdelingsrekening afgesluit.

Hierdie inskrywing sou gemaak word selfs al het die vennootskap 'n netto verlies gely.

Dit is baie belangrik om te onthou dat selfs al word daar gesê dat die vennote elke maand 'n salaris ontvang, hy net kontant onttrek. Debiteer sy Onttrekkingsrekening en krediteer Bank.

Rente op kapitaal (winsverdeling I-)

Daar is **net een rekening** hiervoor omdat al die vennote dieselfde rentekoers op hul belegging verdien.

Aan die einde van die rekeningkundige tydperk word hierdie rekening met die berekende bedrag gedebiteer en elke vennoot se Privaatrekening word gekrediteer. Die Rente op kapitaal-rekening word dadelik na die Verdelingsrekening afgesluit.

Hierdie inskrywing sou gemaak word selfs al het die vennootskap 'n netto verlies gely.

Bonus aan vennote (winsverdeling I-)

As 'n vennoot uitsonderlike werk vir die onderneming verrig, d.w.s. bo en behalwe die gewone, kan 'n bonus aan daardie vennoot toegestaan word.

As hy of sy byvoorbeeld behulpsaam is met die sluit van 'n nuwe kontrak namens die vennootskap, kan die vennote instem om 'n bonus toe te staan. As die vennoot voltyds in die onderneming gewerk het en verkope laat verbeter het, kan 'n **persentasie van die netto wins** as 'n bonus toegeken word. Hierdie inskrywing sou **NIE** gemaak word as daar geen wins oorbly nadat die salarisse betaal en die rente op kapitaal verdeel is nie.

Die rekening word met die bonusbedrag gedebiteer en die vennoot se Privaatrekening word gekrediteer. Die vennoot se bonusrekening word dan na die Verdelingsrekening afgesluit.



UITGEWERKTE VOORBEELD 1

Kapitaalbydraes

A Alfa en B Beta gaan op 1 Januarie 2017 'n vennootskapsooreenkoms aan.

Die ooreenkoms bepaal:

- A Alfa sal haar kapitaalbelegging R200 000 regstreeks aan die bank oordra.
B Beta sal, as sy kapitaalbelegging, R50 000 aan die bank oordra en sy afleweringvoertuig, ter waarde van R150 000 op die vennootskap se naam oordra.
- Wins/verlies sal volgens hul kapitaalverhouding (wat in dié geval gelyk is) verdeel word.

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN DELTA DELI – JANUARIE 2017 KOJ1

DOK	DAG	BESONDERHEDE	BANK	DIVERSE REKENINGE		
				BEDRAG	FOL	BESONDERHEDE
1	1	A Alfa	200 000	200 000	B1	Kapitaal: A Alfa
2		B Beta	50 000	50 000	B2	Kapitaal: B Beta

ALGEMENE JOERNAAL VAN DELTA DELI – JANUARIE 2017 AJ1

1	Voertuie (B+)	B..	150 000	
	Kapitaal: Beta (EB+)	B2		150 000
	afleweringvoertuig as kapitaal bygedra			

ALGEMENE GROOTBOEK VAN DELTA DELI

–				KAPITAAL: A ALFA (EB)		+ B1	
		2017					
		Jan 1	Bank	KOJ1			200 000

–				KAPITAAL: B BETA (EB)		+ B2	
		2017					
		Jan 1	Bank	KOJ1			50 000
			Voertuie	AJ1			150 000

LW: Hul kapitaalbydrae is dieselfde en hulle sal dus wins in die verhouding 1 : 1, dit wil sê gelykop, verdeel.

Geen addisionele kapitaal mag belê of enige bestaande kapitaal onttrek word sonder die toestemming van die ander vennoot nie, omdat dit hierdie verhouding sal verander.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

UITGEWERKTE VOORBEELD 2 – wat gebeur nadat die netto wins aan die jaareinde bereken is

1. Winsverdeling – salarisse

Delta Deli het 'n wins van R592 000 vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 gemaak. Die vennootskapsooreenkoms bepaal ook dat albei vennote geregtig is op 'n salaris van R180 000 per jaar.

ALGEMENE JOERNAAL VAN DELTA DELI – DESEMBER 2017 AJ12

31	Salaris: A Alfa (I-)	N30	180 000	
	Salaris: B Beta (I-)	N31	180 000	
	Privaatrekening: A Alfa (EB+)	B3		180 000
	Privaatrekening: B Beta (EB+)	B4		180 000
	salarisse vir jaar			
31	Verdelingsrekening (I-)	N34	360 000	
	Salaris: A Alfa (I-) -	B3		180 000
	Salaris: B Beta (I-) -	B4		180 000
	sluitingsoordragte			

ALGEMENE GROOTBOEK VAN DELTA DELI

–				PRIVAATREKENING: A ALFA (EB)		+ B3	
		2017					
		Des 31	Salaris: Alfa	AJ12			180 000

–				PRIVAATREKENING: B BETA (EB)		+ B4	
		2017					
		Des 31	Salaris: Beta	AJ12			180 000

+				SALARIS: A ALFA (I-)		– N30	
2017	Privaatrekening:			2017	Verdelings-		
Des 31	Alfa	AJ12	180 000	Des 31	rekening	AJ12	180 000

+				SALARIS: B BETA (I-)		– N31	
2017	Privaatrekening:			2017	Verdelings-		
Des 31	Beta	AJ12	180 000	Des 31	rekening	AJ12	180 000

+				VERDELINGSREKENING (I)		– N34	
2017				2017			
Des 31	Salaris: Alfa	AJ12	180 000	Des 31	Wins-en-verlies		
	Salaris: Beta	AJ12	180 000		(netto wins)		592 000

2. Winsverdeling – rente op kapitaal

Die vennootskapsooreenkoms bepaal ook dat vennote geregtig is op rente op kapitaal teen 8% p.j.

ALGEMENE JOERNAAL VAN DELTA DELI – DESEMBER 2017 AJ12

31	Rente op kapitaal (I-)	N32	32 000	
	Privaatrekening: A Alfa (EB+)	B3		16 000
	Privaatrekening: B Beta (EB+)	B4		16 000
	rente op kapitaal bereken teen 8% p.j.			
31	Verdelingsrekening (I-)	N34	32 000	
	Rente op kapitaal (I-) - sluitingsoordrag	N32		32 000

ALGEMENE GROOTBOEK VAN DELTA DELI

– PRIVAATREKENING: A ALFA (EB) + B3

				2017 Des 31	AJ12	
					Rente op kapitaal	AJ12	16 000

– PRIVAATREKENING: B BETA (EB) + B4

				2017 Des 31	AJ12	
					Rente op kapitaal	AJ12	16 000

+ RENTE OP KAPITAAL (I-) – N32

2017 Des 31	Privaatrekening:			2017 Des 31	Verdelings-		
	Alfa	AJ12	16 000		rekening		32 000
	Privaatrekening:						
	Beta	AJ12	16 000				

+ VERDELINGSREKENING (I) – N34

2017 Des 31			2017 Des 31	Wins-en-verlies		
				(netto wins)		592 000
	Rente op kapitaal	AJ12	32 000				

3. Winsverdeling – bonus aan vennoot/vennote

Die vennootskapsooreenkoms bepaal dat B Beta geregtig sal wees op 'n bonus van 10% van die netto wins nadat salarisse en rente afgetrek is, omdat hy vir die bemerking van die onderneming verantwoordelik is. (As daar geen wins oorbly nie, verval hierdie inskrywing.)

BEREKENING:

Die netto wins is			R592 000
Hieruit word verdeel	Salarisse	R 360 000	
en	Rente op kapitaal	<u>R 32 000</u>	<u>392 000</u>
wat laat			200 000
Die bonus sal 10% van R200 000 = R20 000 wees.			

ALGEMENE JOERNAAL VAN DELTA DELI – DESEMBER 2017 AJ12

31	Vennoot se bonus (I-)	N33	20 000	
	Privaatrekening: B Beta (EB+)	B4		20 000
	bonus aan Beta teen 10% van oorblywende wins			
31	Verdelingsrekening (I-)	N34	20 000	
	Vennoot se bonus (I-) - sluitingsoordrag	B3		20 000

ALGEMENE GROOTBOEK VAN DELTA DELI

– PRIVAATREKENING: B BETA (EB) + B4

				2017 Des 31		
					Vennoot se bonus	AJ12	20 000

+ VENNOOT SE BONUS (I-) – N33

2017 Des 31	Privaatrekening:			2017 Des 31	Verdelings-		
	Beta	AJ12	20 000		rekening		20 000

+ VERDELINGSREKENING (I) – N34

2017 Des 31			2017 Des 31	Wins-en-verlies		
				(netto wins)		592 000
	Vennoot se bonus	AJ12	20 000				

4. Verdeling van die oorblywende wins

Die res van die netto wins moet volgens die ooreenkoms verdeel word.

BEREKENING:

Die netto wins is R592 000. Hieruit word verdeel:

Salarisse R 360 000 + Rente op kapitaal R32 000 + Bonus R20 000 = R412 000

wat R180 000 laat wat gelykop verdeel moet word. (Sien 2. op Bladsy 32)

ALGEMENE JOERNAAL VAN DELTA DELI – DESEMBER 2017 AJ12

31	Verdelingsrekening (I-)	N34	180 000	
	Privaatrekening: A Alfa (EB+)	B3		90 000
	Privaatrekening: B Beta (EB+)	B4		90 000
	oorblywende wins gelykop verdeel			

ALGEMENE GROOTBOEK VAN DELTA DELI

-		PRIVAATREKENING: A ALFA (EB)			+		B3
	2017						
	Des 31	Salaris: Alfa	AJ12	180 000			
		Rente op kapitaal	AJ12	16 000			
		Verdelings-					
		rekening	AJ12	90 000			

-		PRIVAATREKENING: B BETA (EB)			+		B4
	2017						
	Des 31	Salaris: Beta	AJ12	180 000			
		Rente op kapitaal	AJ12	16 000			
		Vennoot se bonus	AJ12	20 000			
		Verdelings-					
		rekening	AJ12	90 000			

+		VERDELINGSREKENING (I)			-		N35
2017				2017			
Des 31	Salaris: A Alfa	AJ12	180 000	Des 31	Wins-en-verlies		
	Salaris: B Beta	AJ12	180 000		(netto wins)		592 000
	Rente op kapitaal	AJ12	32 000				
	Vennoot se bonus	AJ12	20 000				
	Privaattek.: Alfa	AJ12	90 000				
	Privaattek.: Beta	AJ12	90 000				
			592 000				592 000

UITGEWERKTE VOORBEELD 3 – Die laaste inskrywing vir die jaar: sluit Onttrekkings af na Privaatrekeninge

Die volgende ekwiteitsrekeninge is steeds in die grootboek:

+		ONTTREKKINGS: A ALFA (EB-)			-		B5
2017				2017			
Des 1	Totaal	o/d	280 800	Des 31	Privaatrekening:		
Des 31	Bank	KBJ12	18 000		Alfa	AJ12	306 000
	Kleinkas	KKJ12	1 000				
	Handelsvoorraad	AJ12	6 200				
			306 000				306 000

+		ONTTREKKINGS: B BETA (EB-)			-		B6
2017				2017			
Des 1	Totaal	o/d	125 500	Des 31	Privaatrekening:		
Des 31	Bank	KBJ12	42 500		Beta	AJ12	180 000
	Kleinkas	KKJ12	5 000				
	Handelsvoorraad	AJ12	11 500				
			180 000				180 000

Hierdie rekeninge moet deur middel van 'n joernaalinskrywing na die Privaatrekeninge afgesluit word.

ALGEMENE JOERNAAL VAN DELTA DELI – DESEMBER 2017 AJ12

31	Privaatrekening: A Alfa (EB-)	B3	306 000	
	Privaatrekening: B Beta (EB-)	B4	180 000	
	Onttrekkings: A Alfa (EB+)			306 000
	Onttrekkings: B Beta (EB+)			180 000
	oordrag van saldo's			

Δelta Δeli

Die Privaatrekeninge

Die Privaatrekeninge lyk só nadat Onttrekkings afgesluit is:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN DELTA DELI

–		PRIVAATREKENING: A ALFA (EB)			+		B3
2017 Des 31	Onttrekkings: Alfa	AJ12	306 000	2017 Des 31	Salaris: Alfa	AJ12	180 000
					Rente op kapitaal	AJ12	16 000
					Verdelings- rekening	AJ12	90 000
					Saldo	o/d	20 000
			306 000				306 000
2018 Jan 1	Saldo	a/b	20 000				

–		PRIVAATREKENING: B BETA (EB)			+		B4
2017 Des 31	Onttrekkings: Beta	AJ12	180 000	2017 Des 31	Salaris: Beta	AJ12	180 000
	Saldo	o/d	126 000		Rente op kapitaal	AJ12	16 000
					Vennoot se Bonus	AJ12	20 000
					Verdelings rekening	AJ12	90 000
			306 000				306 000
				2018 Jan 1	Saldo	a/b	126 000

Dit is maklik om te onthou as jy aan vennootskappe dink as die 'S R B V'-afdeling.

Al wat mens moet onthou, is hoe om die wins te verdeel.

- Salarisse +
- Rente op kapitaal +
- vennoot se Bonus +
- Verdeling van oorblywende wins

(in die Verdelingsrekening word die winsaandeel Privaatrekening genoem en in die Privaatrekening word dit Verdelingsrekening genoem)



Kommentaar op die Privaatrekening

Jy sal oplet dat Alfa 'n debietsaldo op haar Privaatrekening het en Beta 'n kredietsaldo op syne.

Beta is 'n 'voorbeeldige' vennoot omdat hy net die teenwaarde van sy salaris onttrek het. Hy kon meer geneem het. Sy kredietsaldo van R126 000 beteken dat hy die vennootskap voorsien het van meer geld om in die toekoms mee te werk.

'n Privaatrekening behoort 'n kredietsaldo te hê, wat beteken dat die vennoot nie al sy verdienste vir die jaar onttrek nie. Miskien sal 'n nulsaldo aanvaarbaar wees, want dit sou beteken dat die vennoot alles onttrek het wat hy of sy verdien het, maar nie meer nie.

Alfa se debietsaldo is onaanvaarbaar. Sy het hierdie jaar R286 000 verdien, maar R306 000 onttrek, wat beteken dat sy 'n deel van haar persoonlike huishoudelike uitgawe met Delta Deli se geld finansier.

Sy moet R20 000 so gou moontlik terugbetaal of R20 000 minder op haar salaris vir Januarie 2018 onttrek.

Effek van jaareind-inskrywings op die Rekeningkundige Vergelyking

Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B	EB	L
Salaris: A Alfa	Privaatrekening: A Alfa	0	+/-	0
Rente op kapitaal	Privaatrekening: A Alfa	0	+/-	0
Verdelingsrekening	Privaatrekening: A Alfa	0	+/-	0
Onttrekkings: A Alfa	Bank/Handelsvoorraad/ens.	-	-	0



Doen nou VRAAG 31 op bladsy 97.

Die hoofdoel van hierdie vraag is om te onthou dat die rekeninge vir Kapitaal en Onttrekkings, Privaatrekening en Salaris ': naam van vennoot' moet bevat.

Doen dan VRAAG 32 op bladsy 98, om seker te maak dat jy die enigste inskrywings wat 'n vennootskap verskillend van 'n eenmansaak maak, verstaan.

Hoe om die Grootboekrekening te doen – Stapsgewys



Gebruik die onderstaande inligting uit die rekeningkundige rekords van King Kong & Kie, met vennote M King en P Kong, om die gegewe rekeninge op 31 Desember 2017 op te stel en te saldeer of af te sluit.

INLIGTING

1. Kapitaal (**31 Desember 2017**): M King, R416 000; P Kong, R208 000.
2. Die vennootskapsooreenkomst maak voorsiening vir die volgende:
 - 2.1 Salarisse moet soos volg betaal word: M King 138 400 p.j. en P Kong R13 500 p.m. Sy Desembersalaris is nie betaal nie.
 - 2.2 Rente moet teen 12% p.j. op kapitaal bereken word. Kong het sy kapitaal op 1 Julie 2017 met R58 000 vermeerder.
 - 2.3 Kong sal 'n bonus van 12% van die netto wins ontvang nadat salarisse en rente afgetrek is.
 - 2.4 Die oorblywende wins sal **aan die einde** van die jaar in die verhouding van kapitaal verdeel word.



ALGEMENE GROOTBOEK VAN KING KONG & KIE

–		PRIVAATREKENING: P KONG (EB)		+	
Saldo	a/b	16 864	Salaris: P Kong		
Onttrekkings: Kong		190 882	Rente op kapitaal		
Saldo	o/d	87 654	Vennoot se Bonus		
			Verdelingsrekening		
		295 400			295 400
			Saldo	a/b	87 654

–		VERDELINGSREKENING (I)		+	
Salaris: M King			Wins-en-verlies		521 800
Salaris: P Kong					
Rente op kapitaal					
Vennoot se Bonus					
Privaattek.: M King (V 1/3)					
Privaattek.: P Kong (V 1/3)					
		521 800			521 800

Jy moet die Verdelingsrekening voltooi voordat jy die Privaatrekening doen.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiering van hierdie materiaal is onwettig

SALARISSE

Lees die vraag noukeurig: is die salaris vir een jaar of een maand? Kong se salaris is maandeliks; vermenigvuldig dus met 12 = R138 400. TEKEN ALTYD DIE SALARIS VIR 12 MAANDE OP. Dit maak nie saak of dit betaal is of nie – die Onttrekkingsrekening sal daarna omsien.

RENTE OP KAPITAAL

As die kapitaal of die rentekoers in die jaar verander het, moet jy 2 berekeninge vir een of albei van die vennote doen.

In hierdie geval het Kong se kapitaal verander. Teen jaareinde is dit R208 000 (sien datum); dit moes dus R150 000 aan die begin van die jaar gewees het (208 000 - 58 000 toename).

Kapitaal (begin)	$150\,000 \times 12\% \times \frac{1}{2}$	=	9 000	
Kapitaal (einde)	$208\,000 \times 12\% \times \frac{1}{2}$	=	<u>12 480</u>	21 480
Kapitaal King	$416\,000 \times 12\%$			= <u>49 920</u>
				R71 400

VENNOOT SE BONUS

Die bonus word dikwels gegee, maar hierdie een is interessanter.

Volg die instruksies:

521 800 – 371 800 (138 400 + 162 000 S + 71 400 R) = 150 000.
Bereken nou 12% hiervan, d.w.s. R18 000.

DEEL VAN OORBLYWENDE WINS

Die eerste/primêre winsverdeling is gedoen,

d.w.s. salarisse + rente op kapitaal wat altesaam R371 800 is.

+ Bonus van R 18 000 = R389 800

Trek dit af van die netto wins van R521 800

Die oorblywende wins wat verdeel sal word, is R132 000

Soek nou die instruksie oor hoe om winste te verdeel. (Dit word altyd gegee – soms in die eerste sin!) As dit volgens kapitaal bereken word, verminder hierdie saldo's tot hul laagste gemene noemer:

$416\,000 : 208\,000 = 2 : 1$. (kanselleer drie 0'e & deel 416 deur 208 = 2)

'n Verhouding van 2 : 1 beteken dat jy die oorblywende wins deur 3 moet deel.

Een vennoot sal $\frac{1}{3} \times 132\,000$ kry en die ander $\frac{2}{3} \times 132\,000$.

LW: Wanneer jy die Verdelingsrekening voltooi het, sluit dit af. Die Privaatrekening moet gesaldeer word.

Doen nou VRAE 33 tot 35 op bladsye 99 tot 101.

NOTAS – EENHEID 5: Vennootskappe

WAT IS NUUT IN DIE FINANSIËLE STATE?

Die **Notas tot die Finansiële State** is byna dieselfde – behalwe dat daar 'n Nota vir Privaatrekening op die Nota vir Kapitaal volg.

Die **Balansstaat of Staat van Finansiële Posisie**, soos dit nou genoem word, is dieselfde as dié van 'n eenmansaak, behalwe dat daar twee items onder Ekwiteit is: Kapitaal en Privaatrekening.

Nuwe Ekwiteitnotas tot Finansiële State

Hierdie inligting is op 30 Junie 2017, die laaste dag van die finansiële tydperk, uit die boeke van Strawberry Supermark geneem. Die vennote is S Straw en B Berry. Gebruik hierdie inligting om die Ekwiteitsnotas tot die Finansiële State te voltooi.

INLIGTING

- Op 1 Oktober 2016 het S Straw sy kapitaal met R20 000 verminder en B Berry het haar kapitaal met R40 000 vermeerder.
- Vennote se Privaatrekening uit die grootboek gehaal:



ALGEMENE GROOTBOEK STRAWBERRY SUPERMARK

PRIVAATREKENING: S STRAW

2016				2017					
Jul	1	Saldo	a/b	5 000	Jun	30	Salaris: S Straw	160 000	
2017							Rente op kapitaal	12 400	
Jun	30	Onttrekkings: S Straw		170 000			Vennoot se Bonus	20 000	
		Saldo	o/d	44 400			Verdelingsrekening	27 000	
				219 400				219 400	
					Jul	1	Saldo	a/b	44 400

PRIVAATREKENING: B BERRY

2016				2017					
Jul	1	Saldo	a/b	7 000	Jun	30	Salaris: B Berry	184 000	
2017							Rente op kapitaal	11 200	
Jun	30	Onttrekkings: B Berry		190 000			Verdelingsrekening	27 000	
		Saldo	o/d	25 200					
				222 200				222 200	
					Jul	1	Saldo	a/b	25 200



In die praktyk word die Inkomstestaats nou Staat van Omvattende Inkomste genoem, maar in hierdie notas kan dit enige een van die twee genoem word.

STRAWBERRY SUPERMARK

NOTAS TOT FINANSIËLE STATE VIR JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2017

KAPITAAL		S STRAW	B BERRY	TOTAAL
Saldo aan begin van jaar	4 ↗	170 000	110 000	280 000
Addisionele kapitaal bygedra [1]	3 ↑		40 000	40 000
Vermindering in kapitaal [1]	2 ↑	(20 000)		(20 000)
Saldo aan einde van jaar	1 ↑	150 000	150 000	300 000
PRIVAATREKENINGE		S STRAW	B BERRY	TOTAAL
Netto wins per Staat van Omvattende Inkomste	↗ 10	219 400	222 200	441 600
Vennote se salarisse (S)	↑ 5 ↓	160 000	184 000	344 000
Rente op kapitaal (R)	↑ 6 ↓	12 400	11 200	23 600
Vennote se bonus (B)	↑ 7 ↓	20 000		20 000
Primêre verdeling van wins	↑ 8 ↘	192 400	195 200	387 600
Finale verdeling van wins (V)	↑ 9	27 000	27 000	54 000
Onttrekking vir jaar	11 ↓	(170 000)	(190 000)	(360 000)
Behoue inkomste vir jaar	12 ↘	49 400	32 200	81 600
Saldo aan begin van jaar	13 ↓	(5 000)	(7 000)	(12 000)
Saldo aan einde van jaar	14 ↘	44 400	25 200	69 600

HOE OM HIERDIE NOTAS TE DOEN

- Voltooi eers die Kapitaalnota. Die saldo's is ingeskryf, maar wees versigtig – dit is die eindsyfers. Gebruik inligting nr. 1 en werk agtertoe om die beginsaldo's te bepaal, d.w.s. $1 + 2 - 3 = 4$
- Volg die woorde en die nommers om die Privaatrekeningnota te voltooi. $5 + 6 + 7 = 8$ en $8 + 9 = 10$ en $10 - 11 = 12$ en $12 + 13 = 14$
- Sorg dat jy elke keer die subtotaal bereken (d.w.s. reëls 8, 10, 12, 14) Straw se kolom + Berry se kolom = Totaalkolom

LEER nou DIE BEWOORDING – dit verander nie.

WENK: Die volgende is almal negatief – **debietsaldo** op Privaatrekening **vermindering** in Kapitaal en **Onttrekkings**.

Doen nou VRAE 36 tot 38 op bladsye 102 tot 104.

EENHEID 6: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

Noudat ons geleer het hoe om finansiële state op te stel, kom ons by die rede uit waarom ons alles so akkuraat as moontlik gedoen het. Ons gaan die finansiële state vertolk om te bepaal of 'n onderneming solvent, winsgewend en likied is.

Alhoewel sekere gevolgtrekkings gemaak kan word deur hierdie state te bestudeer, word betekenisvolle inligting slegs verkry deur dit met die finansiële state van vorige jare, en indien moontlik, met die finansiële state van soortgelyke ondernemings te vergelyk.

Die Finansiële State is van belang vir:

- die **vennote** wat wil weet hoeveel hulle op hul belegging verdien het, en of dit die moeite werd is om met hierdie onderneming voort te gaan
- die **bankbestuurder** wat seker wil wees dat die oortrekking of lening veilig is
- die **leninghouer** om te verseker dat die lening terugbetaal sal word
- die **vakbond** wat wil verseker dat toereikende lone aan die werknemers betaal word
- die **belastinggaarder** wat bereken hoeveel persoonlike belasting die vennote op hul verdienste moet betaal
- **enigiemand** wat daarin belangstel om 'n vennoot in die onderneming te word of geld aan die onderneming te leen

Die ontleding toets drie aspekte van die onderneming

Solvensie

Stel vas of die onderneming al sy skulde kan betaal, deur aan te toon dat die totaal van al die bates groter is as die totaal van al die laste

Winsgewendheid

Bepaal of die onderneming gedurende die finansiële tydperk daarin geslaag het om 'n wins te maak en sy uitgawes beheer

Likiditeit

Toon die vermoë van die onderneming om sy bedryfs-/korttermynlaste, met behulp van sy bedryfs-/korttermynbates te betaal.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

Dit is belangrik dat:

- die wins wat die onderneming maak elke **eienaar** voorsien van 'n redelike **opbrengs op die kapitaal wat hulle belê het**. Hierdie opbrengs moet groter wees as die rente wat hulle sou verdien as hulle hul geld by 'n finansiële instelling sou belê. Hulle aanvaar die risiko van entrepreneurskap en moet daarvoor vergoed word.
- 'n **gedeelte** van hierdie **wins** in die onderneming **behou** word sodat:
 - veranderende omstandighede hanteer kan word en bates vervang kan word wanneer dit geslyt of uitgedien is. Dit sal die onderneming in staat stel om volhoubaar te bly en selfs sy markaandeel te laat groei.
 - hy altyd genoeg kontant beskikbaar het om sy skulde betyds te betaal, voordeel te trek uit spesiale sakegeleenthede en steeds mededingend te wees. Indien die vennote al die wins in kontant onttrek, sal die onderneming dalk nie in staat wees om sy goeie reputasie en stand in die mark te handhaaf nie.

Hierdie ontleding en vertolking moet elke jaar gedoen word sodat enige gevaartekens dat dinge skeefloop, geïdentifiseer kan word en die nodige stappe so gou as moontlik geneem kan word om die onderneming meer doeltreffend te bestuur.

HERSIENING VAN GRAAD 10 FORMULES



Solvensie

$$1. \text{ solvensieverhouding} = \text{totale bates} : \text{totale laste}$$

Dit toon aan of die onderneming se totale bates in staat is om al sy skulde te betaal. Die antwoord sal 'n **verhouding** wees en moet natuurlik ten minste 1 : 1 wees. (Sommige van ons sal graag wou hê dat die antwoord 1 000 000 : 1 moet wees, dit wil sê, as ons miljoenêrs wil wees!)

Enigiets minder as 1 : 1 sal beteken dat die vennootskap insolvent is. Dit kan gelikwider word, wat beteken al die bates sal in kontant omgesit word, d.w.s. verkoop word.

Enige skulde wat nie uit die opbrengs van hierdie verkope betaal word nie, sal deur die vennote persoonlik betaal moet word omdat hulle **gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir die skuld**. 'n Krediteur kan hulle albei gesamentlik dagvaar, of die ryker een kies en hom afsonderlik dagvaar. Hierdie vennoot sal dan die ander vennoot dagvaar vir sy deel van die skuld. As die armer vennoot nie kan betaal nie, ly die ryker vennoot 'n verlies. Dit is 'n ernstige nadeel van 'n vennootskap.

In Graad 12 sal jy leer dat dit veiliger is om 'n maatskappy te stig.

Winsgewendheid

$$2. \text{ bruto wins op koste van verkope} = \frac{\text{bruto wins}}{\text{koste van verkope}} \times 100$$

Hierdie antwoord moet die **persentasie** winsopslag wat gebruik word, wees. Die beleid van die onderneming is byvoorbeeld om 'n winsopslag van 50% op kosprys te gebruik. As hierdie berekening aan die jaareinde 'n antwoord van 49,2% gee, weet die vennote dat die winsopslag nie behaal is nie en moet die probleem ondersoek word.

Wanneer sal die winsopslag nie behaal word nie?

Die vennote *weet* dat die winsopslag nie behaal sal word nie, as:

- ▶ die onderneming 'n uitverkoop het en sekere pryse verlaag het
- ▶ die onderneming adverteer dat hulle die pryse van enige mededinger sal ewenaar
- ▶ 'n spesiale afslag toegelaat word – die onderneming laat 'n klant toe om minder as die gemerkte prys te betaal.

MAAR

Die vennote *sal nie weet* dat die winsopslag nie behaal word nie, wanneer:

- ▶ die winsopslag verkeerd bereken word, of
- ▶ die verkoopprijs verkeerd op die goedere gemerk en dit teen hierdie verkeerde prys verkoop word.

$$3. \text{ bruto wins op verkope} = \frac{\text{bruto wins} \times 100}{\text{verkope}}$$

Hierdie antwoord toon watter **persentasie** bruto wins verdien word elke keer as die onderneming voorraad verkoop. As hierdie persentasie byvoorbeeld 50% is en die verkope/omset is R1 000, moet die bruto wins R400 wees. Hierdie persentasie moet hoog wees, omdat die wins wat verdien word, die R500, groot genoeg moet wees om al die bedryfsuitgawes te dek wat aangegaan is om die artikel te verkoop.

$$4. \text{ netto wins op verkope} = \frac{\text{netto wins} \times 100}{\text{verkope}}$$

Dit toon watter **persentasie** van die verkoopprijs as netto wins gehou word nadat alle bedryfsuitgawes, rente-inkomste en rente-uitgawes in berekening gebring is.

$$5. \text{ bedryfsuitgawes op verkope} = \frac{\text{bedryfsuitgawes} \times 100}{\text{verkope}}$$

Dit wys watter **persentasie** van die verkoopprijs gebruik word om die uitgawes te dek. Vergelyk dit met verlede jaar om te bepaal of die uitgawes doeltreffend beheer word.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

$$6. \text{ bedryfswins op verkope} = \frac{\text{bedryfswins} \times 100}{\text{verkope}}$$

Dit toon watter **persentasie** van die verkoopprijs as bedryfswins behou word. Vergelyk dit met verlede jaar om die tendens te sien. Dit is 'n nuttige aanwyser van doeltreffendheid omdat dit nie rente-inkomste en rente-uitgawes in ag neem nie.

Likiditeit

$$7. \text{ bedryfsverhouding} = \text{bedryfsbates} : \text{bedryfslaste}$$

Dié antwoord sal in die vorm van 'n **verhouding**, bv. **x,x : 1** wees. Lees altyd die vraag om uit te vind of die antwoord tot een of twee desimale syfers bereken moet word.

Dit toon aan of die onderneming in staat is om sy korttermynskuld te betaal. Die omsigtige benadering is om 'n verhouding van 2 : 1 te handhaaf, d.w.s. as totale bedryfsbates R20 000 beloop, behoort totale laste slegs R10 000 te beloop. In die praktyk is daar 'n paar groot ondernemings wat nie hierdie benadering gebruik nie, aangesien hulle vinnige en maklike toegang tot korttermynlenings het. Ons gaan egter by hierdie verhouding hou, veral omdat so baie ondernemings finansiële probleme ondervind omdat hulle nie by omsigtige beginsels hou nie.

Dit is interessant dat die antwoord 2 : 1 of 'n bietjie meer moet wees.

NIE 1,5 : 1 nie en beslis **NIE** 4 : 1 nie!



Kom ons werk deur die logika en hou dit baie eenvoudig, d.w.s. ons bekommer ons nie oor enige vooruitbetaalde of opgelope bedrae nie.

Wat sou veroorsaak dat die bedryfsverhouding 4 : 1 is?

1. Te veel voorraad

Is dit raadsaam om baie handelsvoorraad te hê? Beslis nie!

Die redes

- ▶ Nie alle voorraad sal verkoop nie. Enigiemand wat handel dryf in klerasie, televisiestelle, CD's, selfone, ens. weet dat baie van hierdie items uit die mode, verouderd of uitgedien raak namate smaak en tegnologie verander. In sekere gevalle kan dit baie gou gebeur.
- ▶ Hoe groter die hoeveelheid voorraad op die rakke en in die pakkamer, hoe groter is die risiko van diefstal. Dit beteken bykomende versekering moet betaal word.
- ▶ Meer pakruimte en meer personeel sal dalk benodig word om die bykomende items te hanteer en te beheer. Dit lei tot 'n styging in koste.
- ▶ In werklikheid is dit die vennote se kapitaal wat op die rakke sit. Terwyl dit daar is, word geen winste verdien nie. In plaas daarvan kos dit geld.



2. 'n Groot bedrag deur debiteure verskuldig

Is dit nie goed vir sake nie? Wil ons nie soveel as moontlik debiteure hê nie?

Nee, want:

- › 'n toename in die aantal debiteurerekeninge kan meer personeel vereis om al die administrasie (telefoonoproepe, skryfbehoeftes) en boekhouding te hanteer, wat meer sal kos
- › hoe groter die aantal debiteure of die bedrag wat hulle skuld, hoe groter die risiko van oninbare skulde en hoër regskoste
- › die onderneming se geld sit dan in die debiteure se bankrekeninge, wat beteken die vennote sal dalk meer kapitaal moet belê om voorraad aan te vul.



3. Te veel kontant

Kan enigiemand te veel geld in die bank hê?

Ja! Ons moet onthou dat dit nuttelose geld is.

Dit verdien min of geen rente nie. As die vennote 'n goeie opbrengs op hul kapitaal wil hê, kan die onderneming nie bekostig om bates te hê wat nie gebruik word om 'n wins te maak nie.



8. vuurproefverhouding = bedryfsbates - voorraad : bedryfslaste

Hierdie antwoord sal in die vorm van 'n **verhouding** wees, bv. **x,x : 1**. Lees altyd die vraag om uit te vind of jy die antwoord tot een of twee desimale syfers moet bereken.

Dit toon of die onderneming sy huidige verpligtinge kan betaal sonder om enige voorraad te verkoop. Die antwoord behoort ongeveer 1 : 1 te wees; nie hoër nie, en nie heelwat laer, sonder goeie rede nie.

Waarom is handelsvoorraad weggelaat? Ons het uitgevind dat die onderneming op die laaste dag van die finansiële jaar 'n voorraadopname (*tel al die items en waardeer dit teen kosprys*) moet doen. Afgesien van wat hierbo gesê is oor voorraad wat onverkoopbaar is, is dit baie maklik om hierdie syfer te manipuleer. Eerlike foute kan begaan word wanneer die voorraad getel word of die waarde daarvan bereken word, maar dit is ook moontlik dat sommige onetiese besluite geneem kan word ten einde die Staat van Finansiële Posisie 'beter te laat lyk'.

Ons neem aan dat handelsvoorraad kontant en op krediet aan debiteure verkoop sal word, EN dat hierdie debiteure hul rekeninge sal betaal voordat die krediteure betaal moet word. As daar 'n ekonomiese depressie is en die onderneming sukkel om hul voorraad te verkoop, en debiteure wat by hom koop nie geld het om stiptelik te betaal nie, sal hierdie verhouding aantoon tot watter mate die onderneming in die moeilikheid is. Ons wil hê die verhouding moet 1 : 1 wees, wat beteken dat die kontant tans in die bank, plus die kontant wat ons binnekort van debiteure sal ontvang, genoeg is om al die krediteure te betaal, selfs al verkoop ons nie meer voorraad nie.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

NUWE FORMULES VIR GRAAD 11

Likiditeit (vervolg)

$$9. \text{ voorraadomsetsnelheid} = \frac{\text{koste van verkope}}{\text{gemiddelde voorraad}}$$

$$\text{gemiddelde voorraad} = \frac{1}{2} (\text{verlede jaar se eindvoorraad} + \text{hierdie jaar se eindvoorraad})$$

Hierdie antwoord sal aangehaal word as **x,x keer per jaar**. Lees altyd die vraag om uit te vind of die antwoord tot een of twee desimale syfers bereken moet word.

Die antwoord behoort so hoog as moontlik te wees, maar sal afhang van die soort voorraad wat die onderneming verhandel. As dit byvoorbeeld 'n koekwinkel is, hoop ons dit sou 365 keer 'n jaar wees (*of baie na daaraan*), minus die dae wanneer die winkel gesluit is. As dit ingemaakte goedere verkoop, sal die omsetsnelheid moontlik vier keer per jaar wees omdat die produk nie bederfbaar is nie. As dit Ferrari's verkoop, sal dit dalk 2,5 keer per jaar wees omdat luukse artikels nie dikwels verkoop word nie. Let daarop of die vraag vir jou sê wat verkoop word.

As dieselfde winkel koek **en** ingemaakte goedere verkoop, sal die omsetsnelheid dalk 3,2 wees, maar dit beteken niks, tensy dit met verlede jaar vergelyk word. Die antwoord moet altyd so hoog wees soos verlede jaar, of ideaal gesien, hoër.

$$10. \text{ periode van voorraadbesit} = \frac{\text{gemiddelde voorraad} \times 12 \text{ of } 365}{\text{koste van verkope}}$$

$$(\text{periode waarvoor daar genoeg voorraad voorhande is})$$

Hierdie antwoord sal aangehaal word as **x,x maande of dae**. Lees altyd die vraag om uit te vind of jy met 12 of 365 moet vermenigvuldig.

Hierdie antwoord behoort so laag as moontlik te wees, maar sal afhang van die soort onderneming en die vermoë om voorraad vinnig te vervang, ens.

Hierdie antwoord hou omgekeerd verband met nr. 9, d.w.s. dit werk andersom. As die omsetsnelheid 365 keer is, sal die onderneming 1 dag se voorraad voorhande hê. As die omsetsnelheid 4 keer per jaar is, sal die onderneming 3 maande se voorraad voorhande hê.



$$11. \text{ gemiddelde debiteure-invorderingstermyn} = \frac{\text{gemiddelde debiteure} \times 365}{\text{kredietverkope}}$$

Hierdie antwoord sal aangehaal word as **x,x dae**. Ideaal gesien, behoort dit +/- 30 dae te wees, of so na as moontlik daaraan.

Die onderneming wil hê debiteure moet so gou as moontlik betaal, sodat die geld wat van hulle ontvang word, gebruik kan word om krediteure te betaal en meer voorraad aan te koop.

'n Baie goeie beleid van interne beheer moet ontwikkel word om debiteure te bestuur en te sorg dat die onderneming sy geld gou ontvang. Die kredietbeleid sal die voorwaardes/termyn bepaal, bv. 30 dae, 45 dae, ens. Hoe langer debiteure gegee word om te betaal, hoe groter die risiko van oninbare skulde. Administratiewe uitgawes wat aangegaan word, bv. telefoonoproepe, regs-koste, ens. in pogings om skuld van debiteure te verhaal, sal toeneem.



$$12. \text{ gemiddelde krediteurebetalingstermyn} = \frac{\text{gemiddelde krediteure} \times 365}{\text{kredietaankope}}$$

Hierdie antwoord sal aangehaal word as **x,x dae** en moet soveel dae wees as wat die krediteure die onderneming sal toelaat, bv. 90 dae of meer.

Dit is belangrik om krediteure te laat wag totdat die geld van debiteure ontvang word, ten einde likied te bly. Die onderneming moet egter sorg dat hy nooit sy kredietwaardigheid verloor nie, want dit sou beteken dat verskaffers geensins kredietaankope sal toelaat nie. Die onderneming moet ook die handelskorting wat dit vir vroeë vereffening kan ontvang en rente wat op agterstallige rekeninge gehef kan word, in ag neem.



Hefboom

$$13. \text{ skuld-ekwiteitverhouding} = \text{nïe-bedryfslaste} : \text{eienaarsbelang}$$

Die hefboomverhouding toon aan watter gedeelte van die bates is deur lenings gefinansier, en watter gedeelte deur die vennote. Hierdie antwoord sal 'n **verhouding** wees, bv. **x,x : 1**. Dit behoort so laag as moontlik te wees, met 0,5 : 1 as die boonste limiet. Dit moet met die vorige jaar vergelyk word en, indien moontlik, met die skuld-ekwiteitverhoudings van soortgelyke ondernemings.

As die onderneming se hefboomverhouding hoog is, d.w.s. dit het baie geld geleen, neem die koste toe omdat daar rente op lenings betaal moet word. Hy loop die risiko dat hy in moeilike tye nie hierdie rente of die paaiemente op die lenings sal kan betaal nie, en tensy die vennote meer kapitaal kry om te belê, kan die onderneming gelikwedeer word.

As die onderneming se hefboomverhouding reeds hoog is, sal dit nie in staat wees om geld by enige finansiële instelling te leen nie omdat die skuld-ekwiteitverhouding ongunstig is. Dit beteken ook dat die onderneming dalk nie geld sal kan leen om uit te brei wanneer die ekonomie verbeter nie.

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

FORMULES SLEGS DEUR VENNOOTSKAPPE GEBRUIK

Opbrengs op ekwiteit

$$14. \text{ opbrengs op vennote se belang} = \frac{\text{netto wins} \times 100}{\text{gemiddelde eienaarsbelang (alle vennote saam)}}$$

$$= \frac{\text{netto wins vir jaar (volgens Wins-en-verlies/Inkomstestaat *)} \times 100}{\frac{1}{2} (\text{kapitaal} + \text{privaatrekeninge begin en einde vir BEIDE vennote})}$$

* nou Staat van Omvattende Inkomste genoem

$$= \text{xx,x\%}$$

Vergelyk hierdie persentasie met:

- › verlede jaar se opbrengs – hierdie jaar behoort hoër te wees
- › die nuutste rentekoers op bankbeleggings, bv. vaste deposito's. Dit moet hoër wees anders kan hulle net sowel hul kapitaal in die bank belê en aftree!
- › die inflasiekoers – dit moet hoër wees anders verdien die vennote nie genoeg om vir die prysverhoging te vergoed nie en
- › die opbrengs van soortgelyke ondernemings, indien moontlik.



$$15. \text{ vennote se verdienste} = \frac{\text{vennoot A se verdienste} \times 100}{\text{A se gemiddelde eienaarsbelang}}$$

Hierdie berekening sal bepaal of dit vir elke individuele vennoot die moeite werd is om met die onderneming aan te gaan, omdat verdienste tot sy persoonlike welgesteldheid bydra.

Vennoot se verdienste = **Salaris** + **Rente op kapitaal** + **Bonus** + **Verdeling van oorblywende wins**.

$$\text{A se gemiddelde ekwiteit} = \frac{1}{2} (\text{Kapitaal: A begin} + \text{einde}) + (\text{Privaatrekening: A begin} + \text{einde}).$$

Dieselfde vergelykings moet getref word as wat in 14 gemeld is, om dieselfde redes.

Jy kan nou AL DIE VRAE (bladsye 114 tot 124) in hierdie eenheid doen.

